# Liefdesverhouding

**~ EFESIËRS 3: 1-21**

GROEI IN VERHOUDING



## *Paulus se werk onder die heidennasies*

1 Daarom bid ek vir julle wat nie Jode is
nie, ek, Paulus, 'n gevangene deur my
diens aan Christus Jesus.

GROEI IN VERHOUDING

2 Julle het tog seker gehoor van die opdrag
wat God in Sy genade aan my gegee het in
julle belang. 3 Hy het Sy geheimenis deur ‘n
openbaring aan my bekend gemaak, soos
ek dit hierbo kortliks beskrywe het,

4en as julle dit lees, sal julle 'n begrip kry
van my insig in die geheimenis van Christus.
5Nog nooit tevore in die geskiedenis is die
geheimenis aan die mensdom bekend gemaak
soos God dit nou deur die Gees aan Sy heilige
apostels en profete geopenbaar het nie.

6 En dít is die geheimenis: deur die verkon-
diging van die evangelie en in hulle verbonden-
heid met Christus Jesus, word ook mense
wat nie Jode is nie, saam met ons deel van
die volk van God en lede van die liggaam van
Christus, en kry hulle ook saam met ons deel
aan wat God belowe het.

GROEI IN VERHOUDING

7 Van hierdie evangelie het ek 'n dienaar
geword, 'n voorreg wat God in Sy genade
aan my gegee het deur Sy krag in my te laat
werk. 8 Hoewel ek die geringste van al die
gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg
gegee om aan die heidennasies die evangelie
van die onpeilbare rykdom van Christus te
verkondig.

GROEI IN VERHOUDING

9 Ek moet aan almal bekend maak hoe God,
die Skepper van alle dinge, nou Sy verborge
plan uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue
geheim laat bly het. 10 Maar nou het God die
ryke verskeidenheid van Sy wysheid deur die
kerk bekend laat word aan elke mag en gesag
in die hemelruim,

GROEI IN VERHOUDING

11 soos Hy Hom van ewigheid af al voorge-
neem het om dit deur Christus Jesus, ons
Here, tot uitvoering te bring. 12 In ons verbon-
denheid met Hom en deur ons geloof in
Hom kan ons met vrymoedigheid en vertroue
na God gaan.

GROEI IN VERHOUDING

13 Daarom bid ek dat julle nie moedeloos
word omdat ek om julle ontwil ly nie. Julle
moet dit eerder as ’n eer beskou.

## *Die gebed van Paulus vir die Efesiërs*

14 Daarom kniel ek in gebed voor die Vader
15 aan wie die hele gemeenskap van gelowiges
in die hemel en op die aarde Sy bestaan te
danke het.



GROEI IN VERHOUDING

16 Ek bid dat Hy deur Sy Gees uit die rykdom
van Sy heerlikheid aan julle die krag sal gee
om innerlik sterk te word, 17 dat Christus deur
die geloof in julle harte sal woon en dat julle
in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

GROEI IN VERHOUDING



18 Mag julle in staat wees om saam met al
die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en
hoog en diep die liefde van Christus strek.
19 Mag julle Sy liefde ken, liefde wat ons
verstand te bowe gaan, en mag julle heel-
temal vervul word met die volheid van God.





[20]Aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk,
magtig is om oneindig meer te doen as wat
ons bid of dink, [21]aan Hom kom die eer toe,
in die kerk, deur ons verbondenheid met
Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot
in alle ewigheid. Amen.

GROEI IN VERHOUDING









GROEI IN VERHOUDING